

## HELP EK VERDRINK

### Uitkomst

Om tieners te lei om:

1. Die soort karakter wat by God tel, te bestudeer.
2. Te sien hoe dit deurwerk in 'n mens se alledaagse lewe.
3. Te besef dat die onderbou van 'n mens se karakter jou help om die toetse te deurstaan.

### Raamwerk ⌚ (60 min)

**Aktiwiteit 1: Inleiding.** Kies 'n leier.

**Aktiwiteit 2: Die Stupid bootbouer.** 'n Gelykenis.

**Aktiwiteit 3: Agter die skerms.** Rollespel.

**Aktiwiteit 4: Oorsig oor Job se lewe.** "Wie was Job?"

**Aktiwiteit 5: Vir elke mens is sy seer die seerste.** Die hantering van pyn.

**Aktiwiteit 6: Refleksie.** "Wat het jy uit Job se lewe geleer?"

**Aktiwiteit 7: Afsluiting.** Opsomming.

### Hulpmiddels

1. n Bybel per groep.
2. 'n Aktiwiteitsblad per groeplid

*Vir die groeppasiteerder*

*Groot groep*

### GLAL gesoek! ⌚ (10 min)

**Tieners besin oor wie die groot leiers van die Bybel is en ontdek Esegïel se keuse.**

1. Gesels in julle groepe oor die volgende vrae:

- 1.1 Wie dink julle was die grootste leier in die Bybel se tyd? Sê sommer ook hoekom jy so sê. (Moontlike antwoorde wat jy gaan kry is: Moses / Jakob / Daniël / Ester / Josia / Joshua / Miriam / Noag / Dawid / Abraham / Nehemia / Jeremia / Salomo / Elia. Dis okay, laat die ouens lekker hieroor gesels.)
- 1.2 Wie was die grootste leier van alle tye? Jesus is hier uitgesonderd en mag nie as een genoem word nie! Sê hoekom jy die persoon die GLAL (Grootste Leier van Alle Tye) toekenning gee.
2. Lees in Eseg 14:14 wat Esegïel se keuse sou wees as GLAL. Die agtergrond is: God vertel vir Esegïel dat Hy Israel gaan vernietig omdat hulle so erg sondig is. Esegïel onderhandel met God soos 'n verteenwoordiger van 'n vakbond, maar God sê al sou hy die **drie mees regverdige mense bring** om vir die volk in te tree, sal Hy hulle nog steeds vernietig. Volgens v 14 was Daniël, Noag en Job, Esegïel se keuse.

### Die gelykenis van die stupid bootbouer ⌚ (10 min)

**Tieners ontdek deur die gelykenis dat karakter deurslaggewend is.**

Vertel nou die **gelykenis van die bootbouer**:

'n Seker stupid man het besluit om 'n luukse seiljag te bou. Hy het besluit om geen tyd, energie of koste te spaar vir die projek nie, want hy wou hê dat die mense die seiljag sal bewonder as een van die mooistes wat hulle ooit gesien het.

Die seile was kleurvol, die beste hout is gebruik, die modernste reëlings van brons, en die takel werk was om van te droom. Binne-in het hy nie terug gehou nie, die kajuit was luuks, ewe met 'n eie kroegtoonbank, DVD speler, DSTV, die lot. Wow, dit was 'n great boot, met 'n great naam wat op die boeg gepronk het:

#### **Kar Akter**

Sonder om nou die storie vooruit te loop, het hierdie stupid jagter na aansien en status besluit om nie te veel aandag aan die kiel van die jag te gee nie. Hy het geredeneer dat niemand die deel van die boot wat onder die water was, sien nie en het dus daar meer budget materiaal gebruik ... eintlik het hy dit afgeskeep!

**Kar Akter** is met 'n huge bottel Franse sjampanje, 'n groot gejuig en vergesel deur twee ander jagte, wat maar effentjies gelyk het teen die pronkstuk, ter water gelaat. Hy het rustig geseil met die *bo-blink-onder-stink* seiljag ... tot op die dag van *the perfect storm!* 'n Noordwes wind van 40 knope en hoë deininge het die **Kar Akter** geteister. Die man het angstig rond gekyk, maar hy kon nie meer die verwonderde skare op die kaai sein nie en die ander bote het ook verdwyn ... dit was net hy, sy **Kar Akter**, die wind en die deininge! Die goedkoop *onder-stink* gedeelte van die seiljag kon nie die

storm vat nie, dit het soos 'n vuurhoutjie geknak en afgebreek. Met niks onder die water wat die jag kon stabiliseer nie, het die jag omgeslaan en vergaan.

Die stupid bootbouer is nooit gevind nie. Die mense het hom ook nie lank onthou nie. Hulle het nou en dan gepraat oor die jag, nie oor hoe mooi dit was nie, maar oor hoe stupid dit is om die see en sy storms met 'n *bo-blink-onder-stink* seiljag te probeer trotseer!

Jy sal nou vra, *so what?* Ja, dit is net 'n stupid ou storiëttjie, maar weet jy, die stupid bootbouer leef nog ... Hy is nou die stupid

VRL voorsitter...

Eerstespan speler...

*Party animal...*

Rekenaar wizard...

1. Wat leer jy hieruit van die jag se karakter? Natuurlik dat dit wat nie gesien word nie die meeste tel!
2. En wat het dit met leierskap en innerlike krag te doen? Weereens, soos by die seiljag, dit wat onder is – en nie gesien word nie - is die belangrikste. Goed soos looks, sporttalent, intelligensie, en whatever vir mense glamorous is, hou nie in die storms van die lewe nie!
3. Wat leer jy van kurkproppe en die storms van die lewe?

### Agter die skerms ⌚ (05 min)

#### Tieners ontdek weer Job lyding.

1. Twee tieners wat vooraf geoefen het, hou 'n rollespel om die inhoud van die gesprek tussen God en Satan in Job 1 uit te beeld.
2. Gebruik as teks die inhoud van Job 1:6-12 vir die rolspel en gee aan hulle vrye teuels om dit te dramatiseer.

### Job: God se pronkstuk ⌚ (08 min)

#### Tieners ontdek die kwaliteite in 'n mens wat vir God belangrik is.

1. Lees Job 1:8; 2:3 en 10.
2. God is baie trots op Job, soos in erg proud! Hy spog somer eintlik oor Job by die Satan - noem drie dinge. Die New Living Translation sê dit soos volg: "Job was:

- 2.1 a man of complete integrity, (Job was binne en buite dieselfde. Of hy alleen in 'n kamertjie was of voor mense, hy het dieselfde gebly – dis integriteit)
- 2.2 who fears the Lord and (nie bang nie, hy het God met grooooooot respek gedien, soos in voluit gedien)
- 2.3 who wants nothing to do with evil". (wow, hy het hard en duidelik **NEE** geleef as dit by sonde kom!)
3. Verduidelik wat integriteit beteken. (Om eg te wees, soos in na binne en buite dieselfde te wees.)
4. Dink julle dat dieselfde kwaliteite in die hart van 'n mens (wat 4000 jaar gelede belangrik was vir God), steeds vandag vir God belangrik is? Hoekom dink julle so? Natuurlik, God verander nie soos die weer nie, want Hy is die Bron van integriteit!

### **Vir elke mens is sy seer die seerste ⌚ (10 min)**

#### **Ons eie seer in die lewe.**

- 1 Kom ons gaan terug na die gesprek tussen God en Satan. Nadat God met Job gebrag het, het Satan dit bevraagteken en gesê dis omdat dit altyd goed gaan met Job dat hy God getrou dien. Toe het God vir Satan toegelaat om Job te toets. Ons ken die res van die storie – hoe Job sy hele familie verloor, al sy besittings verloor en selfs terminaal siek word. 'n Tsoenami terugslae het die arme man getref! Dit bring ons by die punt waar Job op die ashoop sit.
- 2 Bespreek die volgende vrae:
  - 2.1 Dink jy Job het rede gehad om te kla?
  - 2.2 Moet iets so ernstig as met Job gebeur om jou hart te breek?
  - 2.3 Ken julle mense (of julleself) wat soveel pyn soos Job beleef het? Hoe het hulle (julle?) dit hanteer?
- 3 CJ Langenhoven het gesê: *Vir elke mens is sy seer die seerste*. Hoe pas dit in by dit wat julle nou net oor mense en hulle seer gesê het? Moet mens nou juis soos Job alles verloor om baie seer te ervaar?

### **Job en ek ⌚ (10 min)**

#### **Refleksie oor die inhoud se toepassing in ons eie lewens.**

- 1 Wat het jy uit Job se lewe geleer? Dink veral oor twee dinge in Job se lewe:
  - 1.1 Job se vermoë om op te staan (terug te pop soos 'n kurkprop) na terugslae en
  - 1.2 Job se lewenstyl.
- 2 Waarom sou Job as 'n *Kurkprop van gehalte materiaal* beskryf kon word?

### Challenge ⌚ (07 min)

**'n Uitdaging om onself oop te stel vir die werking van die Heilige Gees oor die karaktertrekke wat God in ons wil hê.**

- 1 Challenge jouself en die tieners om vir 'n maand lank daaglik te bid wat God van Job gesê het: "Here Jesus, ek wil graag 'n mens word -
  - 1.1 wat staan vir wat waar en reg is;
  - 1.2 wat vir U bo enige iemand anders respek het en U alléén dien;
  - 1.3 en wat kies om niks te doen te hê met die sonde nie."
  
- 2 Bestudeer dit en vra die Here om jou in jou daaglikse lewe te wys wat dit beteken. Verwag dat jy gaan verander en beleef hoe jou lewe al hoe meer in lyn kom met dit wat Jesus vir jou beplan.



## Aktiwiteitsblad

### GLAL gesoek!

1. Gesels in julle groepe oor die volgende vrae:

1.1 Wie dink julle was die grootste leier in die Bybel se tyd? Sê sommer ook hoekom jy so sê.


1.2 Wie was die grootste leier van alle tye? Jesus uitgesonderd, Hy mag nie as een genoem word nie! Sê hoekom jy die persoon die GLAL (Grootste Leier van Alle Tye) toekenning gee.


### Vir elke mens is sy seer die seerste

1 Bespreek die volgende vrae:

1.1 Dink jy Job het rede gehad om te kla?


1.2 Moet iets so ernstig soos wat met Job gebeur het, gebeur om jou hart te breek?


1.3 Ken julle mense (of julleself) wat soveel pyn soos Job beleef het? Hoe het hulle (julle?) dit hanteer?


2 CJ Langenhoven het gesê: *Vir elke mens is sy seer die seerste.*

2.1 Hoe pas dit in by dit wat julle nou net oor mense en hulle seer gesê het? Moet mens nou juis soos Job alles verloor om baie seer te ervaar?


**Refleksie**

1 Wat het jy uit Job se lewe geleer? Dink veral oor twee dinge in Job se lewe:

1.1 Job se vermoë om op te staan (terug te pop soos 'n kurkprop) na terugslae en


1.2 Job se lewenstyl.


## Challenge

- 1 Bid vir 'n maand lank daaglik wat God van Job gesê het: “Here Jesus, ek wil graag 'n mens word -
  - 1.1 wat staan vir wat waar en reg is;
  - 1.2 wat vir U bo enige iemand anders respek het en U alleen dien;
  - 1.3 en wat kies om niks te doen te hê met die sonde nie.”
- 2 Bestudeer dit en vra die Here om jou in jou daaglikse lewe te wys wat dit beteken. Verwag dat jy gaan verander en beleef hoe jou lewe al hoe meer in lyn kom met dit wat Jesus vir jou beplan.

